# Die Wapad


## STUDENTEBLAD VAN DIE P.U.K. VIR C.H.O.

**Hoofredakteur**—C. Hattingh.
**Besigheidsbestuurder**—C. J. van Wyk.
**Medewerkers**—
C. M. Janse v. Vuuren.
F. A. Scheepers.

Alle bydraes moet vroegtydig by een van die redaksielede ingehandig word.

**Subredakteure**—
J. v.d Walt.
H. J. A. du Plessis.
E. L. Grové.
Mej. C. M. Wasserman.

DEEL I, Nr. 5. | 21 JUNIE 1946. | PRYs 2d.


## REDAKSIONEEL!

Die redaksie wens al die studente 'n aangename vakansie toe. Diè wat die afgelope semester gewerk het, sal vanself ook weet hoe om die tyd te gebruik. Onthou maar net ons is altyd tot diens en arbeid geroep.

Mnr. J. Taljaard moes 16 Junie 'n noodoperasie ondergaan. Ons bede is dat hy spoedig weer opgerig sal word, om sy studie voort te sit.

Sal die studente asb. daarop let dat artikels, vir „Die Wapad" bedoel, slegs op een kant van die bladsy geskrywe moet word.

## SARIE MARAIS-TOER.

Ter kennisname van belangstellendes wens ek mee te deel dat ons toer, as gevolg van verskeie omstandighede, ingekrimp moes word en dat ons alleen die volgende plekke sal besoek:

Vrydag 21 Junie—Vereeniging.
Saterdag 22 Junie—Parys.
Maandag 24 Junie—Brakpan.
Dinsdag 23 Junie—Standerton.
Woensdag 24 Junie—Bethal.

J. J. A. VAN DER WALT.

## BESINNING (3).

As ek nou in breë trekke 'n toekomsbeleid wil uitwerk wat moontlik die verskille tussen ons kan uitwis, of ten minste samewerking kan bevorder, wil ek onderskei tussen die beleid en die praktiese uitwerking daarvan:

**I.—Die Beleid.**

AIGEMEEN. Ons ideaal is 'n Christelike republiek, waarin die blanke beskawing gewaarborg is, waarin die Boerevolk sy aspirasies kan uitlewe, waarin gesag en vryheid, behoorlik harmonieer en waarin die diensmotief en solidariteitsgevoel tot hul reg kom sonder dat die gewetensvryheid van die indiwidu en die regte van die persoonlikheid in die gedrang kom.

BESONDER.

1. **Die hoogste gesag.** Deur owerheid sowel as onderdaan moet die oppergesag van God en van sy Woord in woord en daad erken word.

2. **Die staatshoof.** 'n President wat deur die stemgeregtigde burgers vir 'n vasgestelde tydperk gekies word.

3 **Die regering.** Die ministers (of hoe ons hulle ook wil noem) word deur die president aangestel. Hiervoor moet die bekwaamste manne aangewys word, manne wat werklik op hoogte is met die departemente aan hul toevertrou. By voorkeur moet hulle nie Volksraadslede wees nie.

4. **Die Volksraad.** Hierdie raad moet die belange van die volk by die regering behartig. Wette word hoofsaaklik deur die regering geïnisieer en deur die Volksraad aanvaar, geamendeer of verwerp.

5. **Kiesers.** Alleen blankes sal die stemreg hê, terwyl ook hier sekere minimum-eise gestel sal moet word. Hoofsaak is dat slegs die **werklike burgers** van die land die toetsreg sal uitoefen, d.w.s. diegene wat die draers is van die geestelike-kulturele erfenis van die twee blanke rasse.

6. **Gewetensvryheid** moet geëerbiedig word, asook die selfstandigheid van die verskillende lewenskringe. Dit sluit nie in die ondermyning van die Christelike grondbeginsels van die staat nie. Die staat moet slegs ingryp wanneer dit absoluut noodsaaklik is. Die owerheid moet egter ook waak oor die belange van die burgers en leiding gee, bv. in die totstandkoming van ko-operatiewe organisasies. Die beginsel van gewetensvryheid sluit ook die toelaatbaarheid van verskillende beginselrigtinge in.

7. **Arbeid en ekonomie.**

Hier moet die sosiale gedagte beklemtoon word. Die reg van privaat besit en privaat inisiatief bly gehandhaaf, maar aan elkeen moet 'n menswaardige bestaan verseker word. Die diensmotief moet die hoofgedagte wees.

8. **Volksdissipline sonder militarisme.**

Oor sake waaromtrent ons dit nog altyd eens is, soos die naturellekwessie, bestryding van parasitisme ens. word hier nie gehandel nie.

**Aantekeninge by bostaande.**

**Ad. 2.** Op een of ander wyse sal voorsiening gemaak moet word vir die geval dat die staatshoof sy mag misbruik gedurende sy ampstermyn. Hieroor hoef ons egter nie nou te skryf nie. Miskien is die kontrole van regering en volksraad voldoende.

**Ad. 3.** As die president werklik volksvader is, sal hy verder kyk as die grense van sy eie party by die aanstelling van regeringslede. Roosevelt kon bv. aan sy opponent Wilkie 'n belangrike vertrouensposisie skenk. Hy sal egter nie kan toelaat dat sy beleid gedwarsboom word nie. As onder die volksraadslede bekwame moontlike ministers is, moet hulle liewer die setel ontruim. Ministers kan nie as volksraadslede die volk by die owerheid verteenwoordig nie.

**Ad. 4.** Oor die samestelling van die volksraad sal daar seker nog verskil bestaan. Maar miskien kan ons mekaar tog vind. Hoewel skrywer hier-


# SPANNENDE ROMANS

## met Kleurvolle Liefdes Temas . . . .

**HARTE VAN STAAL:**—deur C. A. Groenewald. Prys 10/-

Ook sy beminde glo dat hy skuldig is en die omstandighede is so in sy onguns dat hy geen bewys van sy onskuld kan lewer nie . . . . . "

**DR. ELISE:**—deur M. Steyn van Rooyen. Prys 8/-

„Die sterk botsings, hewige konflikte wat uit die aard en wese van die mediese beroep en sy verhouding tot die menslike lewe spruit, word in hierdie werk in die vorm van 'n kleurvolle liefdestema behandel . . . . . "

**WILDE MALVA:**—deur E. J. Fraser. Prys 8/-.

„Die verhaal van 'n beeldskone jong meisie wat onder 'n skaduwee groot word omdat almal sê dat haar moeder, van wie sy haar skoonheid geërf het, „Sonder 'n ring aan haar vinger gesterf het . . . . "

**BLOEDSPOOR NA DIE KRATERS:**—deur R. Hendriks. Prys 8/-.

„'n Opwindende speurverhaal wat deur oud en jonk geniet sal word."

**AGTER DIE RANT:**—deur J. J. Brits. Prys 5/9.

„Die skrywer gee 'n pragtige uitbeelding van die geweldige botsings wat ontstaan tussen twee gesinne met hul teenoorgestelde lewensopvattings . . . . ."

**Boeke is altyd goeie vriende! Boeke so na u smaak!**

Vir al u Boeke en Skryfbenodighede besoek

# DIE TRANSVALER-BOEKHANDEL

KERKSTRAAT 90, POTCHEFSTROOM. FOON 497.

**BOTHA GOOSEN**

Kerkstraat 98,
Potchefstroom.

Foon 430 Posbus 81

——vir——

**MANSKLERASIE**

**J. HEIDEMA**

RYWIELE
en
NAAIMASJIENE,

**POTCHEFSTROOM**
(teenoor Geref. Kerk).

VERKOOP OOK SKOENE

**RUIME KEUSE VIR ALLE DOELEINDES.**

Lae konkurerende Pryse.

**TURKSTRA'S BAKKERY**

BROOD
en alle
KOEKSOORTE

Raadpleeg ons vir
*BRUIDSKOEKE*

FOON 282. FOON 282

**KERKSTRAAT 37,
POTCHEFSTROOM.**

**MILLER EN KIE.,**
**BEPERK.**
VIR WAARDE.

BESOEK ONS
Verskillende Afdelings.

**MATERIALE,
GORDYNSTOWWE,
KLERASIE EN
SKOENE
VIR VOLWASSENES EN KINDERS**

*en Bespaar Geld*

**Posbus 75. Foon 197.**
**KERKSTRAAT 119,
POTCHEFSTROOM.**

van nie 'n vakman op die gebied van die staatkunde is nie, voel hy tog die besware wat van H.N.P.-kant teen beroepsverteenwoordiging ingebring word. Dokters, advokate, mynwerkers ens. sal in 'n Volksraad tog ook maar net eksperte wees wat hul eie vak betref, m.a.w. per slot van rekening sal die regering met sy tegniese adviseurs tog maar die hef in hande hou, wat natuurlik 'n diktatuur bevorder. Om hierdie rede skyn dit my tog die beste dat plaaslike kiesafdelings behou word, terwyl die gedagte beklemtoon word dat die beste „all-round" mense gekies word, d.w.s. mense van rype lewenservaring. Die wette word opgestel deur vakmanne, terwyl die Volksraad in die algemeen oordeel oor die gees en beginsel.

Naas die Volksraad kan dan 'n Gemeenskapsraad bestaan waarin al die beroepe verteenwoordig is en wat adviserende status het. Van hier kom dan die tegniese advies.

Om die Volksraad ook 'n bloot adviserende liggaam te maak sal nie betaal nie. Die belangstelling vir hierdie liggaam sal dan verdwyn. Die president (en sy regering) is regstreeks teenoor die hele kieserskorps verantwoording verskuldig, terwyl die Volksraad die volk in sy plaaslike afdelinge verteenwoordig. Sodoende is die vòlk se regte op tweeërlei manier gewaarborg.

**Ad. 5.** Hier het ons met 'n moeilike vraagstuk te doen, nl. **wie moet as kiesers beskou word?** Dit was ook Oom Paul se groot moeilikheid. M.i. kan maar net die maatstaf aangelê word van **onverdeelde trou aan Suid-Afrika.** Gewoonlik word beswaar gemaak dat die stem van 'n straatveër netsoveel beteken as die van 'n eerste minister, maar dit gaan tog om die kollektiewe. En dan is dit seker beter om die natuurlike regsbesef van midjoene mense te aanvaar as die wysheid van een of van 'n paar. 'n Aspirant-president moet oor die hele land bekend wees—anders het hy geen hoop nie. Dit gee waarborg dat in die reël 'n bekwame man gekies sal word. Al die korrupte praktyke van die Britse stelsel sal natuurlik deur kopery, intimidasie ens.

Oor punte 1—6 sal ons in elk geval eenheid moet verkry wat die hoofsake betref, voordat ons verder kan optrek.

Op sommige punte het ondergetekende sinds die verskyning van die Aliwalse Manifes (1942) weer tot sy oorspronklike standpunt van 1941 teruggekeer soos gestel in die manifes wat deur prof. L. J. du Plessis, prof. H. G. Stoker en homself aan die pers oorhandig is (vgl. Die Transvaler, 19 Mei 1941). Persoonlik kon hy hom nie met die Aliwalse Manifes verenig waar dit die Volksraad bloot adviserend maak en waar dit die moontlikheid ooplaat van 'n korporatief-saamgestelde Volksraad. Op hierdie punte is gekompromiteer.

Eers nadat die drie artikels klaar geskryf was tot hier, het ek weer ons manifes van 1941 gaan nasien en was verras om te sien dat die op feitlik alle punte dieselfde gee as wat in die tweede en derde artikels uiteengesit is. Og, kon ons tog weer daardie eenheidstaal spreek! Dit sou baie goed wees as „Die Wapad" hierdie manifes wou plaas as vervolg op my artikels. Dan het ons 'n basis vir verdere bespreking.

**II. PROGRAM VAN AKSIE.**

Noudat ek die manifes van 1941 gelees het, kan ek daar feitlik niks byvoeg nie. Presies so sien ek die saak nòg. Daar moet saamskakeling van Afrikanerkragte wees en daarin moet die H.N.P. die leiding neem. Wat die O.B. betref—die moet na my beskeie mening een van twee weë inslaan: die moet die dissiplinêre front vir die hele Afrikanerdom word. **maar** dan nie maar 'n politieke magsfaktor wees nie, òf dit moet by die stembus sy krag toon. In so'n geval kan ook met die O.B. soos met ander groepe 'n ooreenkoms gemaak word as daar eenheid ten opsigte van kardinale punte gevind kan word. Op die oomblik is dit moeilik om die O.B. te plaas en dit is een van die vernaamste oorsake van die verwarring. As hierdie drie artikels en die manifes van 1941 gelees is, sal ek reaksie verwelkom. Mag my artikels hul beskeie deel bydra tot konsolidering van die Afrikanerkragte.

S. DU TOIT.

## KORPS VERJAAR.

Korps het weer verjaar. (Hy is al so oud dat die presiese datum en ouderdom my nie meer bekend is nie—ek is nie so oud nie). Die lede het toe ook verjaar. Vrydagaand 1 Junie was daar 'n aangename dinee in die Royal Hotel ter viering van dié gebeurtenis. By die geleentheid is die heildronk deur Prof. W. J. Snyman ingestel. Die Prof. het verskillende interessante staaltjies uit die „gryse" verlede te vertel gehad o.a. hoe hyself en Prof. Stoker met harpuis gespeel het by 'n paartjie wat ge-„case" het of sonie, dan tenminste wou „case." Verder moes ook die skokkende erkentenis aangehoor word dat sowel Prof. Snyman as Prof. Stoker aan 'n kwaaijongens-vereniging, 'n geheime ondervereniging van Korps, behoort het! Prof. Snyman het ons laat besef dat Korps 'n geskiedenis het waarin die vereniging bewys het dat dit van onskatbare waarde is vir ons studentelewe in die algemeen en vir elke student persoonlik. Namens Korps is deur mnr. Dion Kempff geantwoord: Korps moet van waarde wees. Indien hy dit nie is nie dan is daar fout by onsself.

Intussen het elke aanwesige gesorg dat daar geëet word. Op versoek van die Seremoniemeester, Prof. Stoker, het Mnr. Burema verduidelik wat onder „spyker" verstaan word en ook Doom Buys het sy sê gesê: „Daar is een begrip waaraan ek altyd vashou; as ek nie lank wil staan nie, dan sit ek." Toe sit hy!

## IS ALLE MENSE GELYK?

In die loop van die besprekings by ons massavergadering van 3 Junie is daar deur enkele persone van eg-liberalistiese beginsels gebruik gemaak ter stawing van hulle argumente. Ons laat egter die onderwerp van die besprekings op die vergadering buite rekening en vestig die aandag net op èèn van die liberalistiese beginsels wat op daardie aand deur een van ons studente met volkome instemming uitgespreek is nl. **dat alle mense gelyk is.**

Dit is die liberalistiese lewens- en wêreldbeskouing wat leer dat alle mense as redelik-sedelike individue gelyk is. Van nature het die individue dan ook gelyke regte en gelyke waarde, en daarom mag ons bv. nie aan die naturel so 'n ondergeskikte posisie toeken nie. Die liberalis wat ook Christen wil wees, verdedig hierdie beginsel van gelykheid deur hom daarop te beroep dat alle mense as skepsele van God gelyk is.

Is hierdie opvatting dan nie reg nie? mag u vra. Voor God in Christus is alle mense wel gelyk, maar die mense is in hulle onderlinge verhouding tot mekaar ook **ongelyk!** En dit verloor ons baiemaal uit die oog. Die skepping van God is 'n pragtige eenheid, maar God het in die skepping ook 'n ryke verskeidenheid gelê. In die wêreld kry ons gedurig te doen met wesensverskille, en die oog moet waarlik 'n dik skilfer oor hê wat nie die van God-gewilde ongelykhede en wesensverskille in ons rykgeskakeerde lewe kan waarneem nie. Daar is bv. die ongelykheid van man en vrou; die een verskil hemelsbreed van die ander t.o.v. liggaamsbou en geestesaanleg, en daarby is die man die hoof van die vrou. Elke mens verskil van die ander in aard en aanleg: die een besit die aanleg tot kuns, die ander nie; so ook die aanleg tot wetenskap, handel ens., almal van God gegewe talente waarin elke mens ongelyk is aan 'n ander. Sommige mense is by magte om te lei en gesag te dra, andere om as ondergane te volg. Ons kan dus nie die gelykheidsbeginsel van die Liberalisme aanvaar nie, want dit is eensydig: gelykheid is vir ons nie èèn beginsel en ongelykheid 'n ander beginsel nie, maar gelykheid en ongelykheid van alle mense is beide twee sye van een en dieselfde beginsel.

All mense is juis ook voor God ongelyk sodat elkeen volgens sy eie aard en daarmee sy roeping kan vervul. As alle mense absoluut gelyk sou wees, sou almal dieselfde roeping moes vervul en dan sou die menslike geslag God se naam nie kon eer en verheerlik in die groot verskeidenheid gebiede van die lewe nie. Daarom mag ons nie wesensverskille en ongelykhede ook van een volk teenoor 'n ander (bv. Boer teenoor Naturel) oor die hoof sien of wegredeneer nie.

PH. SNYMAN.

## WAT LEES U?

As daar seker 'n tyd is, waarin die rypwordende jeug van ons volk teen ongesonde lektuur gewaarsku moet word, dan is dit nou. En dan in besonder die studerende jeug van ons volk.

Dat die mark oorstok is met lektuur van allerlei aard kan nie betwyfel word nie, vandaar die bejag op sensasie deur meeste jong skrywers, om op die wyse die beste afset te geniet.

'n Groot gedeelte van ons twintigste eeuse ontspanningsleesstof, is ongesonde leesstof waar die skrywer nie skroom om uit vuil ondergrondse strome te put en dit dan aan sy lesers op te dis nie.

Dit is by verre na daarop uit om edele karakters te vorm, en die gedagtewêreld van die leesgierige publiek met die knenis van die skone en die mooie in die lewe te vul.

Inteendeel, dit is lektuur wat giftig is, en dit vul die leegheid van die moderne mens met nog leër dinge. Dit is en bly grotendeels swynedraf. En hoe word hierdie soort leesstof nie verslind nie!

In „Die Kerkbode" skryf Ds. H. P. Steyn die volgende: „**Hierdie verderflike soort prikkellektuur vind, helaas, sy weg, nie alleen tot die huise van die onverskillige wêreldling nie, maar ook tot die boekery van die Christen-belyers, wie se kinders in die bevatlike jare van hul jeug die onheilige leesstof in hande kry, en kweek 'n verderflike smaak wat immer om steeds meer roep.**"

STUUR U DROOGSKOONMAAK
NA

**BERGERS BPK.**

*24 uur diens en die beste aandag.*

**Foon 138**

ONS KOM HAAL EN LEWER AF.

**Pakke en Rokke vanaf 2/11.
Broeke vanaf 1/3**

BERGERS BPK.
King Edwardstraat 64, Potchefstroom.

oom Hennie, wat kan stoei.

Met die verhuising van die dames na die nuwe tuiste, het iets vreesliks hom getref! Ag, hulle gaan dan na 'n plek sonder 'n foon! Gedurende die dag, maar selfs gereeld in sy drome, moes ek sy noodkreet aanhoor: „Ek kan nie, ek kan nie, hoe kan 'n mens nou vry sonder 'n foon?" Sy smart was groot.

Dupie, jou stouterd! Kan ons jou in ons geledere terug verwag, of is die toekoms vir jou ook maar duister?

K.V.O.

## ATOOMFLITSE.

Vraag 1: Wat is liefde?
Antw.: Liefde is 'n misverstand tussen gekkefl

Vraag 2: Wat is die beste lig—die son of die maan?
Antw.: Die maan is die beste lig want hy skyn as dit donker is terwyl die son skyn as dit lig is.

Mnr. X: Moenie iets in die sonskyn ophang, want dan verbleik dit.
Mnr. Y: Hang dit in die maanskyn op, dan bleik dit terug.

## VARIA.

Trens is weer gecase en dit weer met dieselfde meisie. Die vorige keer het hyself die verdonkering veroorsaak maar hierdie keer het hy gewag vir 'n maansverduistering en toe knyp hy die kat in die donker. Mooi so, Trens.

Met die verwagte koms van Koning Jors kon Spokie dit nie meer hou nie en toe moes hy sy eie Jors vir hom kry. Nou is dit net Jors Truly en hoe True is Spoke ie? En Jors is nou werklikwaar Spokie s'n. Geluk Spokie! Brand 'n ding.

Langs hierdie weg van medelye wens Willie Hugo mee te deel dat hy wil case. Hiermee vra hy dan die adres van 'n gewillige dame.


## INGRAM SE BOTTELSTOOR

(Eienares: Mev. C. M. INGRAM).

INGEVOERDE

en

KOLONIALE

WYNSOORTE

en

SPIRITUALIEË

## O.K BAZAAR

(1929) BEPERK

60 Departemente onder een Dak.

Kruideniersware en Voedselware, Mans- en Dames-klerasie, Toiletware en Medisyne, Koek en Lekkers, Meubels ———— ens.

## O.K. BAZAAR

POTCHEFSTROOM

Elke Dag 'n Uitverkopingsdag.


Gedruk deur die Westelike Stem, Potchefstroom vir die uitgewers, Studente Vert. Raad, P.U.K. vir C.H.O., Potchefstroom.

Ons simpatie met Dirk Trials (Jalla). Weens 'n skouerbesering sal hy vir die res van die semester nie meer vir die Theos. kan speel nie.

Bartjie het toe uitgevind waarvoor K.r.o. staan. Sy ergste lam-pyne is ook nou oor maar Mnr. Koos Boks se lambodia het hom sodadnig getref dat hy nie weer by die hospitaal sal gaan kuier nie.

Daisy: van hom kan niks goeds gesê word nie. Louis Kruger is sy vriend, hy skryf vir die koerante, van hom kan 'n mens nog minder sê—hy's benede kritiek.

Simmie: Hy gaan volgende jaar na die Universiteit van Kaapstad toe. Sy reputasie het hom klaar vooruitgeloop—dis klaar daar. Hy ht altyd drie alternatiewe voor hy 'n ding doen—die ander twee doen hy nie. Sy „I'am tellink you shomethink" is reeds tradisie.

Basie: Met sy „opstaan, rol en . . . ?" het hy 'n naam gemaak.

Die geagte skrywer wat weier om onder 'n skuilnaam te skrywe wens apologie aan te teken aangesien sekere „1" persone nie genoë neem daarmee nie. Die voorgenome vervolgverhaal sal dus ook eers volgende semester verskyn. Aangesien skrywer op sy beste is as hy skuld het en nog nie sy kollegegelde betaal het nie, sal hy intussen die karakters en name in hersiening neem en volgende semester daarmee in aanvang neem. Intussen soek hy nog na die „deus ex machina" en die „moment critique."

Geagte Redakteur,

Ons het seker almal met groot belangstelling die inleidingsartikel van ons geagte Voorsitter gelees—en ons neem met waardering kennis van die be-oogde „sterk" beleid van P.U.K. i.s. Interuniversitêre-verhoudinge.

Nou is die vraag, is isolasie **altyd** 'n sterk beleid? T.o.v. die volksvreemde, die radikaal beginselvreemde, geld dit seker onomstootlik—maar wat van 'n mede-Afrikaanse Volksuniversiteit wat wel die beginsel toegedaan is maar 'n' meer liberale toepassing daarop nahou.

M.i. raak 'n Intervarsity met U.P. in die eerste plek U.P. se interne beleid t.o.v. dié beginsel en in die tweede plek die direkte beleid van die inrigting teenoor die P.U.K. Hierin is segregasie nie gemoeid nie. As P.U.K. bande wil verbreek omdat U.P. o.i. nie die beginsel interuniversitêr konsekwent toepas nie, dan is dit interversie van ons kant in 'n ander se huishoudelike sake.

Wat die P.U.K. hier wel te doen staan is om die hand van sy kultureel-nasionale broer vas te hou en te poog om hom tot beter insigte te beweeg —deur Studenteraadsonderhandelinge en ook deur interdebat met die intervarsity.

Hoekom nog 'n breuk onder Afrikaanse universiteitskringe op sportgebied veroorsaak in 'n tyd waarin ons volk nasionaal verskeurd is a.g.v. kleiner verskille en onverdraagsaamheid—die „vat-jou-hoed-en-loop" politiek van die Afrikaner. Hou die kontak op sportgebied dan saam met die S.R.-kontak—hoekom onnodig antipatie wek?

Ten slotte is die P.U.K. nie konsekwent i.s. die isolasie beleid teenoor indirekte non-segregasie. Ons speel voetbal, hokkie, krieket ens. teen 'n Garnisoen wat langs nie-blankes (Indiërs, Abissiniërs, Naturelle ens.) geveg het teen blankes. Ons studente mag Wes-Transvaal teen Transvaal, waar Witsstudente in die span speel, verteenwoordig. Die verandering van P.U.K. na W.T.R.U. stoot tog nie 'n beginsel omver nie.

Nee, meneer die Redakteur, as ons altyd op grond van elke beginsel en beginseluitbouing moet radikaal isoleer, sal ons stuit op 'n isolasie van elke individu—dit is verre van Calvinisme!!

Laat ons isolasie vervang deur konsolidasie—en met ons vaste rigting en koers leiding gee in dinamiese samewerking. Laat ons nie staties-isolerend staan teenoor elkeen wat o.i. 'n swakker beleid daarop na hou nie asof samewerking alleen tussen gelykes kan geskied nie! Dankie.

B. SPOELSTRA.

Aansienlik verkort.—Red.

Geagte Redakteur,

Ek wil graag een en ander sê wat betref die sakie wat „Bankrot Student" in die laaste uitgawe van u geëerde blad geskryf het. ‚Bankrot Student" is skynbaar baie begaan oor die finansiële toestand van die mans, wat alleen die sak moet skud as hulle 'n dame uitneem en trakteer. Na my beskeie mening wil ek graag verskil van „Bankrot Student." Dit behoort vir 'n man 'n eer te wees om 'n dame uit te neem en nog 'n groter eer om haar te trakteer. As 'n man dan 'n dame die hof maak of hy neem haar uit bloot uit vriendskap, dan behoort dit vir hom 'n eer te wees om sy sak te skud wanneer dit by die trakteer kom.

Wanneer egter 'n man en 'n dame tot 'n vaste verstandhouding en verhouding gekom het, dan sou dit goed wees as die dame ook 'n handjie wil bysit aangesien die bedrag op die duur van tyd hoog loop.

Dankie. Die uwe,

ETIKET.

## VOETBAL.

Die „Theos" was betreklik ongelukkig gewees om verlede Saterdag met 13—11 teen Garnisoen te verloor.

In die begin van die wedstryd was die Pukke 'n bietjie onseker gewees en rustyd het Garnisoen dan ook 8—0 voorgeloop.

Na rustyd het Pukke dan ook met die gewone sprankelende voorspelerspel voor die dag gekom en dit was nie lank nie of Alwyn se voet was verantwoordelik vir 6 punte, maar intussen het Garnisoen die Pukke uit posisie betrap en 'n drie aangeteken wat hul vervyf het.

Hierdie geweldige agterstand het ons voorspelers nog harder laat speel en Basie se pragtige breekslag het die gevolg gehad dat Fer die mooiste drie van die dag aangeteken het, wat Alwyn vervyf het (13—11).

Basie, Fer en Alwyn het uitstekend vertoon en ons wens hul dan ook geluk met hul insluiting in die Wes-Transvaal span. Steve is ons ideale heelagter en Buys het getoon dat hy 'n uitstekende losskakel is. Kokkie het ook goed op senter gespeel en Trens op vleuel.

Ons voel immers dat ons agterlyn nuttiger gebruik moet maak van die kanse wat ons voorspelers vir hulle skep.

Tenspyte van die feit dat die Pukke die hele spel teen Spoorweg deurgaans bemeestr het, moes ons 4—3 verloor.

Die „Navy" is nog steeds onoorwonne. Die gevaarlike span van Hartebeesfontein is dan ook verlede Saterdag met 8—5 verslaan. In die wedstryd teen Spoorweg het die Pukke paaie deur hul teenstanders gehardloop en met 23—0 oorwin. Die „Tekkies" moes verlede Saterdag 17—5 teen Normaal IIIa verloor, maar die „Fires" het hul „b" span met 22—0 verslaan.

Die laaste wedstryd van die kwartaal word teen Western Reefs afgespeel. Ons weet die Pukke sal hier die oorwinnaars wees!

## KORFBAL.

Graag wil ons ons tweede Korfbalspan gelukwens met die oorwinning wat hulle op Woensdag, die 5de Junie, teen Dorp behaal het. Die spel wat gelewer is, was deurgaans van 'n hoë gehalte, en die eindtelling was nie minder as 60 teen die 16 punte van Dorp nie—voorwaar 'n krieket-„score,"

Op Saterdag, die 15de Junie, het hulle weereens 'n mooi spel gelewer toe hulle teen Normaal te staan gekom het, maar hulle moes ongelukkig die onderspit delf, alhoewel hulle tot naby die einde nog die leidende span was. Volgende keer gaan dit beter, daarvan is ons seker!

Die eerste span was minder gelukkig teen Normaal op Woensdag, die 12de Junie. Sommer van die begin af was dit duidelik dat die nodige samewerking, of liewer saamspeel, ontbreek het. Toe die span eindelik wakkerskrik, was dit reeds te laat, en die Normaal-span het die oorwinning behaal met 40 teen 29 punte. Die feit bly staan egter: ons kan hulle wen! Daarom gaan ons hulle volgende keer van die begin af vasvat, en sodoende ons neerlaag wreek!

L. VENTER.


## W. J. GROBBELAAR

DAMES EN HERE HAARKAPPER.

*MARCEL EN WATERGOLWING.*
*PERMANENTE HAARGOLWING.*

BEKWAME BEHANDELING GEWAARBORG.

Mansafdeling:—Verminderde Tarief vir Studente Weeksdae.

Tel. 330. Kerkstraat 92.

Potchefstroom.

KOM NA

## POTCHEFSTROOM HANDELAARS

(Eiendoms) Beperk

SIT DIE £ OM IN WAARDE

Die mees Bekende Afrikaanse Handelaars, die Beste en Altyd die Goedkoopste.

DIREKTE ———— INVOERDERS

Waarde van die Hoogste Gehalte teen die Laagste Pryse!

FOON 259 en 250 — KERKSTRAAT

Landbou-implemente Foon 626.

## POTCHEFSTROOM MOTORHAWE

Foon 41. Laat ure. Foon 361.

## BLACK EN KIE..

BEPERK.

KLERASIE VIR DIE HUISGESIN

KLEURBAADJIES EN BROEKE, STEWELS EN SKOENE.

SPORT- EN DRAAGHEMDE VAN ALLE SOORTE.

*Spesiale Benodighede vir Studente en Skoliere.*

Eersteklas Behandeling—Hoogste Waarde—Bring ons 'n Besoek!

Posbus 197. Foon 179.

KERKSTRAAT 61,
POTCHEF[illegible]OOM.